

## **EXAMINATIONS AND ASSESSMENT CHIEF DIRECTORATE**

Home of Examinations and Assessment, Zone 6, Zwelitsha, 5600

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: [www.ecdoe.gov.za](http://www.ecdoe.gov.za)

## **2024 NSC CHIEF MARKER'S REPORT**

<b>SUBJECT</b>	<b>AFRIKAANS FAL</b>		
<b>QUESTION PAPER</b>	<b>3</b>		
<b>DURATION OF QUESTION PAPER</b>	<b>2H30MIN</b>		
<b>PROVINCE</b>	<b>EASTERN CAPE</b>		
<b>NAME OF THE INTERNAL MODERATOR</b>	<b>Mrs. Hayley Lottering</b>		
<b>NAME OF THE CHIEF MARKER</b>	<b>Mrs. Elizabeth Gallant</b>		
<b>DATES OF MARKING</b>	<b>28 November – 11 December 2024</b>		
<b>HEAD OF EXAMINATION:</b>	<b>MR E MABONA</b>		

### **SECTION 1: (General overview of Learners Performance in the question paper as a whole)**

Hierdie was 'n lieflike, gebalanseerde vraestel met onderwerpe wat goed in die leefwêreld van die matriekleerder gepas het. Dit het aan die vereistes wat in die KABV dokument gestipuleer is, voldoen. Alle denkvlakke was gedek en dit was volgens die riglyne wat in die eksamenriglyne dokument van 2021 uiteengesit is. Die vraestel was leerdervriendelik en daar was geen onderwerpe wat enige kandidaat enigsins sou benadeel nie. Die vrae was oor die algemeen korrek deur die leerders verstaan en beantwoord volgens die leerder se eie vaardigheidsvlak. Die meeste leerders het vlak 4 (30.2%) en vlak 5 (26.0%) behaal, maar enkele leerders (2.6) het met 'n baie suksesvolle vlak 7 geëindig. Daar is ook leerders wat onsuksesvol (6.9%) in hierdie vraestel was. Dit wil voorkom dat die vraestel makliker was, maar die nasienriglyn meer rigied sodat daar strenger gemerk is.

**AFDELING A:** Vraag 1.1 (**Ek het nie geluister nie en toe...**), 1.2 (**Ek sal daardie onderwyser altyd onthou**) en 1.6 Prentjie: **Rugbylegendes wat saamstaan** is die vrae wat meeste leerders gekies het om oor te skryf. Minder populêre onderwerpe was 1.7 **Die gloeilampie en sonpanele** prikkel en 1.8 **Die robotte** prikkel wat deur baie min leerders gekies is. Baie leerders het ook hulle opinies oor sukses in die keuse 1.4 **Sukses is net groot huise en duur motors** gelug. 'n Goeie aantal leerders het ook hulle hande, met groot sukses, aan die onderwerp, 1.3 **Slaggate op my pad**, gewaag. Die keuse het gesorg vir baie persoonlike, volwasse response. Leerders was diep geraak deur die onderwerp en het vryelik oor hulle ervarings en probleme geskryf. Hier is die beste kwaliteit opstelle ontvang en is terdeë deur die nasieners geniet. Daar is gevind dat sommige leerders glad nie oor die onderwerp wat hy/sy gekies het, skryf nie en dan het sodanige leerder nie punte ontvang nie. Dit blyk dat sodanige leerders opstelle vooraf voorberei het en dit dan by die prikkels 1.6 -1.8 inforseer het.

In **Afdeling B** is die leerders verras deur die keuse van TWEE briewe. Vraag 2.1 die **Informele Brief** was egter loshande die gewildste. Dit was 'n uiters relevante onderwerp vir 'n matriekleerder omdat dit die leerders se opinies oor 'n brugjaar vra. Die vraag is deur meeste leerders beantwoord en hier kon mens agterkom dat die leerders sterk gekant is teen 'n brugjaar. Die vraag was ook verstaanbaar gemaak omdat die Engelse woord vir brugjaar (gapjaar) ingesluit is. Die dialoog (1.5) is ook deur 'n baie groot aantal leerders gekies. Hierdie onderwerp is ook baie relevant vir matriekleerders, want verhoudings is deel van hulle ervarings. Die onderwerp het redelike humoristiese response gehad.

In **Afdeling C** is die twee onderwerpe amper ewe veel deur die leerders aangepak, 3.2 die **Whatsapp boodskap** en 3.3 die **Instruksies**. Vraag 3.1 **Plakaat** is deur die minste leerders gekies. Leerders kon hulself op 'n kreatiewe manier in die Whatsapp boodskap uitdruk, maar het met die instruksies effens kleigetrap. Meeste probleme wat leerders in die vraestel ervaar het, was as gevolg van 'n gebrek aan woordeskate.

## **SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions**

### **AFDELING A: VRAAG 1**

1.1 Ek het nie geluister nie en toe ... was een van die gewildste keuses waarvoor leerders kon skryf. Hier is oulike stories oor lewenslesse geskryf, maar tog ook baie oppervlakkige, letterlike opstelle. Meeste leerders het gemiddeld tot goed hierin gedoen. Daar is nie baie uitsonderlike opstelle oor hierdie onderwerp gekry nie, maar dit was redelik goed deur die leerders gedoen.

1.2 Ek sal hierdie onderwyser altyd onthou, was 'n uiters gewilde onderwerp aangesien die leerders aan die einde van 12 jaar kan reflekteer op daardie een onderwyser wat sy lewe verryk het. Die leerders het die mooiste, hartroerendste staaltjies oor hulle onderwysers vertel, maar ongelukkig het daar ook negatiewe ervarings oor die interaksie tussen onderwyser en leerder deurgespeel. Meeste van die

response was egter baie positief wat beteken dat onderwysers wel 'n impak op die leerders maak. Die leerders het gemiddeld tot goed hierin gevaar, asook swakkerig, as hulle nie hulself korrek kon uitdruk nie.

- 1.3 Slaggate op my pad is baie goed deur die leerders ontvang. Diegene wat dit gekies het, kon interessante, diep, volwasse en figuurlike opstelle aanbied. Dit was 'n groot plesier om te lees en ook 'n ontnugtering om te besef watter slaggate daar in die pad van 'n leerder is. Hierdie was nie een van die gewildste onderwerpe nie, maar dit was blykbaar die beste deur leerders ontvang.
- 1.4 Sukses is net groot huise en daar motors was ook een van die redelik gewilde onderwerpe. Die leerders kon hulle gemiddeld hieroor uitdruk en daar was redelike argumente rondom die onderwerp oor wat sukses eintlik beteken. Hier het die leerders goed tot elementêr in die vraag gevaar.
- 1.5 Influencers (Smaakmakers) is die nuwe rolmodelle, het enkele baie goeie response opgelewer. Leerders kon hulle ou rolmodelle vergelyk met die nuwe rolmodelle. Die onderwerp was ook redelik gewild omdat die leerders daaglik met Influencers in sosiale media gekonfronteer word. Mens kon hier en daar agterkom dat daar van die leerders is wat selfs Influencers is. Dit was ook 'n bonus dat die leerders die woord Influencers kon gebruik.
- 1.6 Prentjie: RUGBYLEGENDES WAT SAAMSTAAN was seker die gewildste prikkel, saam met 1.1 en 1.2. Hierdie prikkel het 'n wye verskeidenheid response toegelaat, van rugby tot nasiebou tot kapteenskap, broederskap, gesonde leefstyl, ens. Die leerders met die nodige woordeskat kon hulle goed hier uitdruk. Daar was selfs diegene wat 'n voorafvoorbereide opstel netjies hier kon inweef. Leerder het die vraag goed verstaan en beantwoord.
- 1.7 Prentjie: BOOMPIE IN GLOEILAMP EN SONPANELE is nie deur baie leerders gedoen nie. Hier het sommige leerders misluk wat 'n vooraf voorbereide opstel wou indruk. Leerders het die prentjies ook op 'n figuurlike vlak geïnterpreteer en opstelle soos: Jesus die lig van die wereld, die skepping, ens. geskryf terwyl die nasienriglyn na die verwoesting van die natuur verwys. Min leerders kon die verband oor die lyding van die natuur maak. Leerders het ook oor 'n dag in die natuur sonder elektriese toestelle / tegnologie geskryf. Die nasienriglyding was ietwat rigied wat hierdie prikkel betref. Hierdie keuse kon dalk as moeilik gesien word, aangesien leerders vooraf kennis oor alternatiewe kragopwekkingsmetodes, ens moes hê. Dit was nie 'n gewilde onderwerp nie.
- 1.8 Prentjie: KUNSMATIGE INTELLIGENSIE is werlik deur die minderheid beantwoord. Die inhoud van hierdie opstel is baie letterlik deur leerders geïnterpreteer, bv. die robot doen wasgoed, die robot kook lekker kos, ens. Die wat wel verband kon maak tussen die prikkel en die nasienriglyne, het Engelse terme gebruik: AI (Artificial Intelligence).

## **AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS**

## 2.1 INFORMELE BRIEF

Die was die populêrste vraag wat korrek deur meeste leerders verstaan is. Leerders was baie direk in hulle opinies oor 'n brugjaar en kon werklik twee kante van 'n brugjaar beredeneer. Die opinies was baie gebalanseerd en die raad wat gegee is, werklik goed. Dit blyk dat meeste leerders nie ten gunste van 'n brugjaar is nie. Dit was 'n goeie idee om die Engelse vertaling van brugjaar in te sluit, dus kon meeste leerders gemiddelde tot goeie punte by hierdie vraag verdien.

## 2.2 FORMELE BRIEF

Hierdie vraag was nie baie gewild nie, maar dit was redelik beantwoord ten spyte van diegene wat die kritiese fout van die weglating van 'n tweede adres gemaak het. Daar is ook gevind dat leerders nie al die nodige informasie in die inhoud gehad het nie, asook dat 'n informele register handhaaf is.

## 2.3 HULDEBLYK

Hierdie skryfstuk is ook deur sommige leerders gekies en oor die algemeen, ook redelik beantwoord. Daar is wel sekere kenmerke van 'n huldeblyk wat deur die leerders uitgelaat is wat hulle punte sou beïnvloed, bv. min leerders het gegroet, staaltjies oor die ouma vertel of vertroosting gebied. Die leerders het gemiddeld hierin gevaar, tensy al die kenmerke van die huldeblyk genoem is. Wat die leerders wel gedoen het, was om die ouma te vereer en haar bydrae tot die gemeenskap uit te lig.

## 2.4 DIALOOG

Die dialoog was net so gewild soos die informele brief. Die leerders kon hulle goed van hulle taak kwyt deurdat die korrekte formaat aangebied is, leerders kon oor die verbreekte verhouding praat en hulp/ vertroosting vir die maat bied. Dit blyk dat roomys BAIE vertroosting vir 'n verbreekte verhouding bied. Hier het leerders uitsonderlike tot elementêre punte verdien.

## **AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS**

### 3.1 PLAKKAAT

Die plakkaat is deur heelwat leerders aangepak, maar nie baie suksesvol nie. Kennis van die vereistes soos die ABBA-beginsel word afgeskeep, baie leerders noem nie hoe die dag gevier gaan word nie, kontakbesonderhede, ens. ontbreek. Hierdie vraag is nie goed deur die leerders beantwoord nie. Dit wil voorkom asof leerders verward geraak het tussen 'n plakkaat en 'n uitnodiging. Die leerders kon nie die 80-100 woordetal effektief gebruik nie.

### 3.2 KORT TEKSBOODSKAP (WhatsApp)

Baie leerders het hierdie vraag gekies, dog het 'n gebrek aan woordeskat veroorsaak dat die vraag verkeerd verstaan word. Leerders het die antwoord aan Thando gerig, waar hulle veronderstel was om Thando te wees. Daar was ook heelwat gesprekvoering in plaas van een boodskap. Leerders het hier knap tot elementêr gevaar, afhangend van die inhoud van hulle boodskap.

### 3.3 INSTRUKSIES

Hierdie vraag was ook gewild en leerders het dit grootliks korrek verstaan en uitgevoer. Leerders het met werkwoorde begin en instruksies was uitgebrei. Sommige leerders was gekniehalter omdat hulle baie basiese instruksies geskryf het, maar oor die algemeen was hierdie vraag korrek uitgevoer.

## QUESTION 1

(a) **General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

### VRAAG 1

#### AFDELING A: OPSTELLE

Leerders het sekere fatale foute by die opstel onderwerpe gemaak, deurdadig daar nie paragrawe met 'n kerngedagtes en ondersteunende gedagtes was nie. Die basiese struktuur van 'n opstel is nog steeds belangrik wat insluit: 'n kort inleiding, liggaam en slot (paragraafbou). Inleidingsparagrawe bestaan nie of is te lank en lomp en ontsluit nie die titel nie. Dit moet by leerders ingedril word om elke nuwe paragraaf met 'n vars nuwe gedagte te begin en om daarop uit te brei.

Paragraaf lengtes was ook 'n kopseer. Dit moet afgewissel word en die samevattende slot moet deeglik uitgedink word. Leerders gebruik ook lang, lomp sinne met die voegwoorde .... en dan; en toe ... Daar word lang, uitgerekte vertellings geskryf. Die onnodige detail veroorsaak dat die leerder van die fokuspunt afdwaal en dit veroorsaak dat die opstel diepte/wese verloor.

Die lengte van opstelle was ook problematies. Sommige skryf ellelange opstelle wat nie by die voorgeskrewe lengte hou nie en andere skryf weer te kort. Leerders penaliseer hulself met te lank of te kort opstelle. Woordeskat bly 'n probleem, want baie leerders het nie die woordeskat nie of maak die verkeerde woordkeuses.

Hier volg van die foute wat spesifiek by die opstelonderwerpe gemaak is:

- **'dat'**
  - Bv. ... 'n persoon *dat* almal ken; *dat* was die dag *dat* ek nie geluister het nie.
- **'sukses'**
  - Om sukses te wees i.p.v. **suksesvol/** ek wil 'n sukses persoon wees – **suksesvolle** persoon.
- **'goed'**
  - Sy was 'n goed onderwyser i.p.v. **goeie**
- **'hulp/help'**
  - Hy het my gehulp/ hulp met my werk
- **'gunsteling'** word as gunstelling gespel
- My beste maat en ek (direkte vertaling vanaf Engels)
- **een dag** (1 day of ...); **Eendag** (lank gelede)
- **verander** (change) i.p.v. **vir ander** (for others)
- **vat** foto's i.p.v. **neem** foto's
- merke i.p.v. **punte**
- Direkte vertalings **kommunitie; determinasie; konneksie; edukasie**
- Ek sal my examin goed pas/ paas.
- Ek het my boeke studeer.
- Die **bel het** gelui / Die **bel het** gering. Die *bel* het vir *breek* gelui.
- **Kappie ê:** se vs sê; he vs hê ; werêld vs wêreld; rërig i.p.v. rêrig/ regtig; hê vs het
- Hulle i.p.v. **julle**; hele i.p.v. **julle**
- Som mense i.p.v. **sommige mense**
- vrae 'n vraag i.p.v. **vra 'n vraag**
- Al vs almal vs alles ... ek sal *a/* vir hom gee.
- **Sy/ hom:** hy ry in hom kar i.p.v. Hy ry in **sy** kar
- Hy is my rolmodelle i.p.v. Hy is my **rolmodel**.
- **Lewe** word as liewe/ lyf gespel.
- Ek praat saam jou i.p.v. Ek praat **met** jou.
- soveel vs so veel
- dry vs draai; daai/ haai/ hy vs daardie
- kla vs klaar

- eerstespan gemaak i.p.v. eerstespan gehaal
- Die broek wat hy aan **gehet dit**.
- **Maniere** word as manners/ manere/ menere gespel
- Bedoel **vs beteken**
- Moet nie i.p.v. **moenie**
- Leerders ken nie die verskil tussen **lui, lei en ly nie**.
- Hard **vs** moeilik; belowe **i.p.v.** glo
- tel **i.p.v.** vertel **of** Ek het my ouma van hom getel.
- Hom se huis **i.p.v** sy huis/ hulle se werk i.p.v hulle werk
- Leerders gebruik die **“dat” saam “as”** bv. Sy het altyd geglo **dat as** .....
- “game reserve” **vs** wild reservaat

#### Vraag 1.6 foute

- Wêreld kop i.p.v. **w**erldbeker
- Dit is baie pragtig i.p.v. baie mooi/ pragtig
- Die Bokke het gelos i.p.v. verloor.
- Groen en geld i.p.v. **groen en goud**
- Getalle word nie uitgeskryf nie.
- Leerders begin sinne met afkortings en getalle.
- Leerders begin opstelle as volg: Ek gaan julle die storie vertel.
- Soos tyd geloop het i.p.v. die verloop van tyd
- Ek vat my hond vir ‘n stappie/ ‘n loop.
- Rit vs ry
- Verkop vs koop
- Ek word met hoofletter in die middel van ‘n sin geskryf.
- Respek vs respekteer ... Ek *respek* my ouers / Sy het almal gerespek.

- Hard vs moeilik ... Die eksamen was hard.
- Besigheid vs besighede (word ook gespel as besiguit)
- Het word gebruik i.p.v. hê/ gehad.
- Kind (Engels) word as “gaaf” gebruik.

## VRAAG 2

### AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

Die algemeenste foute wat by vraag 1.1, Informele brief begaan is, is die volgende:

- Straatnaam en huisnommer word nie op die regte plekke geskryf nie.
- Die adresformaat word deurmekaar geskryf, bv. die woonbuurt word voor die straatnaam geskryf, die poskode word weggelaat, die provinsie en landsnaam word soms gebruik.
- Soms word straat afgekort.
- Datum ontbreek of word nie voluit geskryf nie.
- Die datum word in Engels geskryf.
- Leestekens word in die adres en aanhef gebruik, bv 'n dubbelpunt/komma.
- Geen hoofletters by die gebruik van Eiename nie.
- Die gebruik van begroeting by die aanhef is verkeerd, bv “Hi, Lewe, Liefde, Geagte, Lief.
- Inleidende paragraaf: Die fokuspunt van die brief word nie onmiddellik vasgevang nie./ Die aanloop is te lank./ Irrelevante inligting word in 'n lomp paragraaf gegee.
- Swakker leerders sukkel met lang, lomp sinne (baie Voegwoorde)
- Voegwoordreëls word nie toegepas nie.
- Woordorde bly 'n probleem, want die leerders skryf grootliks soos hulle praat.
- Leerders weet nie hoe om 'n brief af te sluit nie: bv. Groete.

XXXX

Jou vriendin

Sharon

- Geen slotsin nie.
- Dat vs wat (that)
- Dus vs dis
- Die selfde vs dieselfde



## VRAAG 2.2 FORMELE BRIEF

Sommige leerders het gesukkel om die instruksie te verstaan, dus het hulle nie alle informasie in die inhoud gehad nie.

- Die tweede adres het ontbreek, aangesien daar geen gegewe adres in die vraestel was nie.
- Brief word nie aan die skoolhoof gerig nie.
- Die verwarring van die aanhef en doel van die brief (subopskrif).
- Kontakbesonderhede en vereistes het by die inhoud ontbreek.
- Aanspreekvorm (register) was te informeel, alhoewel die woord 'jy / 'jou' toegelaat word.
- Maande se name word in Engels geskryf.

## VRAAG 2.3 HULDEBLYK

Leerders se inhoud het verskraal wanneer hulle nie die volgende kenmerke in die huldeblyk ingesluit het nie:

- Oor die algemeen groet leerders nie en bied min vertroosting.
- Daar was geen opskrif nie.
- Soms ook nie geboorte/sterftedatum nie.
- Woordkeuses wat nie pas in die konteks van 'n huldeblyk nie, (bv. Ouma is Upington toe, ens.) is gebruik.
- Leerders het nie register verstaan nie.

## VRAAG 2.4 DIALOOG

Leerders kon die dialoog goed beantwoord, maar die volgende foute is gemaak, wat die leerders se punte beïnvloed het.

- Alhoewel die formaat grootliks korrek was, het die leerders nie altyd met hoofletters begin nie.
- Daar was ook nie reëls tussen spreekbeurte oopgelaat nie.
- Min leerders het emosies en aksies tussen hakies aangedui.
- Somstyd was die aanloop te lank – hoe meer daar oor die onderwerp gesê word, hoe meer punte verdien die leerder.
- Krutaal is soms gebruik.
- Blok vorm was 'n probleem.
- Sommige leerders het aanhalingstekens gebruik.

## Vraag 3.1 PLAKKAAT

Foute wat by hierdie vraag gemaak is, sluit die volgende in:

- Baie leerders is nie bekend met die ABBA – beginsel nie.
- Leerders het uitnodigings/toesprake as plakkate geskryf.
- Lang paragrawe met min of geen inligting is geskryf.
- Aktiwiteite, skoolnaam en kontakbesonderhede het ontbreek.
- Leerders noem nie hoe die dag gevier gaan word nie.
- Leerders het glimpenne of potlode gebruik.

### VRAAG 3.2 WHATSAPP BOODSKAP

Leerders het die volgende foute by die WhatsApp boodskap gemaak:

- Die leerders het aan Thando of aan hulle ma's geskryf.
- Dialogvorm / 'n hele gesprek is gevoer.
- Leerders het vergeet om te groet/ tyd by te skryf.
- Leerders het kru-taal gebruik., bv. Moere/stront/ ens.
- Leerders het Engelse woorde gebruik en het dit of tussen hakies of in potlood of baie klein geskryf.
- Nie genoegsame gedagtes/gevoelens is weergee nie.
- Leerders het die teksvraag oorgeskryf i.p.v. dit beantwoord.
- Baie leerders het te persoonlik geraak, bv. My ma het my dr. toe gestuur vir 'n aborsie/verkragting.
- Engelse woorde het afbreek aan die inhoud gemaak.

### VRAAG 3.3 INSTRUKSIES

Leerders het die volgende foute by die Instruksies gemaak:

- Sommige leerders het die instruksies geskryf asof dit hul eie is, i.p.v. die ma se instruksies.
- Leerders het grootliks stelsinne gebruik.
- Leerders het soms basiese/eenvoudige instruksies gebruik, bv. Vee die kombuis.
- Leerders het Engelse woorde gebruik.
- Woordkeuse was deurgaans 'n probleem, veral as daar na honde verwys word.
- Die volgende woorde is verkeerdelik gebruik:
  - Banke vs sitbanke
  - Bedkamers vs slaapkamers
  - Skoen vs skoon
  - Komhuis vs kombuis
  - Vergeert vs vergeet
  - Vas vs was
  - Liewe vs lewe
  - Syn gras vs sny gras

- Beeste vs beste
  - Vees vs wees
  - Wil gegaan vs sal gaan
  - Spiel vs spieël
  - Want toe vs sal gaan/ wil hê
  - Sein/seen vs sien
  - Studier vs studeer
  - 1 jaar vs 1 jaar
  - Kammer vs kamer
- Leerders het ook die woord gekom/ bekom gebruik.
  - Anglisismes, bv. water die plante het ook voorgekom.
  - Punktuasiefoute - 'n komma voor die voegwoorde: en/ dat/ omdat ens. ingesluit.
  - Voorsetsels is ook verkeerd gebruik.

## (b) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

### TAALREËLS

- Infinitiewe vorm word verkeerd gebruik:
  - Moet meer in die klaskamer geoefen word.
  - Ek begin om te huil.
  - Bly gemaak / Bly te maak (verlede tyd word as die infinitief geskryf)
- Voegwoord 'want ' word vervang met 'van' ... *van my juffrou is soos 'n ma vir my*
- Skeibare werkwoorde word as twee woorde geskryf ... *Ek moet aan my drome vas hou* i.p.v *vashou* / *Ek het na die huis terug gekeer*/ i.p.v *teruggekeer*
- STOMPI – woordorde is problematies.
- Betreklige voornaamwoorde – daarom; waarmee word nie gebruik nie. *Wie en wat... Die onderwyser wie .....i.p.v. Die onderwyser wat .....*
- ' 'n ' word met meervoude gebruik... *ek wil 'n plekke besoek*
- Meeste mense i.p.v die meeste mense
- *ge-* word voor werkwoorde geplaas wat met *be-*; *ge-*; *her-*; *er-*; *ont-*; *ve-* ens. begin
- Die verkeerde gebruik van *lidwoorde*.
- 'n aan die begin van 'n sin word as hoofletter gespel/ die volgende woord na 'n aan die begin van 'n sin, word met 'n kleinletter geskryf, bv. 'N mens moet ander respekteer.
- By samestellings met 'n getal, word die koppelteken weggelaat ; bv. Graad 10-leerder.

- Verboë vorme – help/hulp
- Afkortings – Dit is my suster's verjaarsdag
- Dis vs dus
- Tye word in dieselfde paragraaf verander.
- Soet – sy is 'n soet onderwyser.
- Twaalf word twalve

**(c) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

- Leerders moet duidelik aantoon wat beplanning en finale stuk is en 'n netjiese streep deur die beplanning trek.
- Leerders moet ook hul antwoordboek soos 'n amptelike dokument hanteer en verseker dat hulle netjiese en leesbare werk inlewer.
- Leerders moet glad nie hul name op die antwoordboek of binne die boek skryf nie.
- Geen skryfstuk moet in potlood aangebied word nie.
- Leerders mag ook nie inkleurpotlode of glimpenne gebruik nie.
- Leerders hoef nie in die skryfstuk te parafeer indien hulle in die skryfstukke foute maak nie. Trek slegs 'n streep deur en skryf voort.
- Die kwessie van voorafvoorbereide stelstukke deur sekere leerders is ook problematies tydens die nasienproses en nasieners moet die oordeel fel of 'n skryfstuk onvoldoende is al dan nie omdat leerders basies hul skryfstuk inforseer in 'n bepaalde onderwerp. Leerders wat in staat is om te beplan en te redigeer, vaar beter as diegene wat konsentreer op mooiskrywery. Diegene wat opstelle inforseer, verdien geen punte vir inhoud en taal toegeken nie.
- 'n Groot probleem is leerders wat hul respons in hoofletters aanbied asook lettergreepverdeling aan die einde van 'n reël wat verkeerdelik toegepas word.
- Die gebruik van sleng-en Whatsapptaal / krutaal kom al hoe meer na vore in leerders se skryfstukke.
- Indien daar 'n spesifieke onderwerp gegee word, mag leerders dit nie verander nie. Die enigste tyd

wanneer die leerders 'n geleentheid kry om 'n onderwerp te verskaf, is by die visuele prikkel.

Gereelde aanbieding van werksinkels met vraestel 3 as fokus om probleemareas soos vervat in die hoofnasiener se verslag aan te spreek, behoort wondere te verrig om leerders en onderwysers beter vir hierdie vraestel voor te berei.